

SIRIESE KINDERS DANK GOD

Siriese kinders mis dikwels uit op kindwees se eenvoudige vreugdes, omdat hul ouers moet worstel net om te oorleef.

Dr Yvette Elbayadi Isaac, 'n Sondagskool onderwyser van die Evangeliese Kerk in Aleppo, vertel hoe die konflik kinders in haar kerk raak. "Baie kinders het hul speelgoed verloor toe hul huise vernietig is. Die ouers poog ernstig om net basiese kos en klere te voorsien en speelgoed is nie een van die prioriteite nie. Maar ons besef hoe belangrik speelgoed vir kinders is en hoe dit kinder-hartjies kan verbly. Hierdie kinders het nou vir ses jaar, vandat die oorlog uitbreek het, geen speelgoed gesien nie."

Amal, nog 'n Sondagskool onderwyser, verduidelik dat die kinders aangemoedig word om hul behoeftes na God te bring. Geïnspireer deur haar eie kinderdae toe sy dieselfde ervaring beleef het van gebedsverhooring, het sy Matt.7:7 begin leer: "Vra en vir julle sal gegee word ..."

"Ons het mekaar se hande gevat en elkeen het die Here gevra vir 'n speelding. Die kinders het spesifieke speelgoed in gedagte gehad wat hulle gevra het. En ... drie maande later het die Here hul gebede verhoor en elkeen het sy speelding ontvang!"

Met die ontvang van die lang begeerde speelgoed, het die kinders God se goedheid beleef. "Ek het die Here vir 'n trein gevra en Hy het my een gestuur," getuig een kind. 'n Ander een voeg by: "Ek het die Here vir 'n pop gevra en het een gekry!"

God het genoeg speelgoed voorsien, sodat daar selfs oorgebly het. Een onderwyser verduidelik: "Ons sal die oortollige speelgoed vir behoeftige kinders gee, want ons wil graag die boodskap deurgee dat GOD vir sy kinders sorg, selfs in die oorlog. Die Here is altyd met sy kinders."

- **Dank die Here vir die voorsiening van speelgoed vir hierdie kinders wat so min het. Vra dat hulle hul hoop en vertroue in HOM sal vestig wat in al hul behoeftes kan voorsien.**
- **Bid vir vrede in Sirië, veral vir die kinders wat in die gevegte vasgevang is, dat hul God se liefde ervaar.**

Gebeds † Nuus



Desember 2017

MAAK HOOP SIGBAAR

SUID-AFRIKA KANTOOR:
Posbus 72646
Lynnwoodrif, PRETORIA 0040
southafrica@sat7.org
+27(12)807 2763
+27(83)628 6488/+27(84)506 3399



Kopiereg © 2017 SAT-7
www.sat7sa.org
www.sat7.org
www.sat7uk.org

LOFPRYS IS NIE GENOEG - ONS MOET GOD SE WOORD BESTUDEER

Die krimpende Christen bevolking in die Midde-Ooste en Noord-Afrika word bedreig – of word dit?

Dit was 'n massa-uittoeg wat in golwe gekom het. Van 1910 tot 2010 het die streek se Christen bevolking van 13,6 tot 4,2 persent gedaal, en dit sal na verwagting selfs verder daal.

In hierdie onwaarskynlike omstandighede groei Algerië se klein ondergrondse kerk buitengewoon en vinnig. Iran het die vinnigste groeiende Huiskerk beweging in die wêreld. En in Afghanistan kom nuwe bekeerlinge elke maand na Christus.

In Soedan is 'n klein groepie, *Die Kerslig Koor* die verteenwoordiging van hoop vir die Kerk in die streek. Die 32 lede van die koor het onlangs in SAT-7 ARABIES se program *Hou Aan Sing* opgetree. Hulle word glad nie finansiële vergoed vir hul deelname aan die koor nie. Intendeel, die sangers dra finansiële en opofferend uit hul eie begrotings by om die bediening lewendig te hou.

Koorlid Mido is 'n pa van twee in sy 30's. Hy sê dat aanbiddingsmusiek kragtig is omdat Afrika-kindere grootword met musiek en identifiseer met die liedere wat hulle hoor. "Preke in die kerk is nodig, maar het ook beperkinge," meen Mido. "SAT-7 verlig die las van die kerk in die Midde-Ooste omdat die kerk slegs 'n beperkte aantal mense kan bedien. Met die gebruik van moderne tegnologie word 'n wye gehoor nou bereik."

Wat die toekoms betref, deel Mido sy mening oor wat die Kerk in Soedan nodig het om te oorleef: "Dit is noodsaaklik dat die Christene in Soedan die Bybel baie goed ken. Indien hul die Woord van God skaars ken is hul swak en verswak die kerk. Lofprysing alleen is nie genoeg nie. Lofprysing getuig van die teenwoordigheid van die Here, maar Hy is ook teenwoordig in Sy Heilige Woord. Ons moet mense aanmoedig om die Woord van God te bestudeer."

- **Dank God vir die getuie van hierdie koor. Bid dat baie mense die teenwoordigheid van Jesus, "die Lig van die wêreld" sal leer ken deur hul lofprysing.**
- **Bid dat gelowiges in Soedan en Suid-Soedan Christus as Emmanuel, "God met ons" leer ken hierdie Kerstyd.**



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers
terwyl jy hul briefies lees:

Van 'n kyker in Noorweë: My man en ek het om asiel aansoek gedoen. Bid asb vir ons daaglikse voedsel, dat ons aansoek goedgekeur word en dat ons nie terug na Kaboel gedeporteer sal word nie.

Van 'n kyker in Soedan: Bid vir die Christene in my land – dat hulle die Bybel baie goed sal ken en sodoende versterk sal word tot versterking van die Kerk.

Van 'n kyker in Saoedi-Arabië: My man wil van my skei sodat my geloof nie 'n verleentheid vir hom is nie. Ek is bevrees oor wat hy met ons dogters gaan doen. Vra dat God my wysheid gee.

Van 'n kyker in Afghanistan: Ek is 'n nuwe volgeling van Jesus. Bid vir my om meer oor Hom te leer en hoe om soos Hy te wees en op te tree teenoor my kinders en vrou.

Van 'n kyker in Iran: Ek was verbaas dat 'n vrou oor Jesus gepraat het in jul program. Daarna het ek 'n droom gehad dat Hy my omhels. Bid dat my familie Hom leer ken.

Fardin (m) van Iran: Ek het gereeld teenoor my vriende getuig oor hoe ek tot geloof gekom het, maar nou besef ek dat dit nie deur my eie toedoen was nie. Christus Self het in my kom woon en my tot geloof gebring; al wat ek gedoen het, was om Hom om hulp te vra. Hy woon in my: ek was dood en nou lewe ek.

SAT-7 TÜRK SE INVLOED IN EUROPA

Ondanks die feit dat SAT-7 se hoofstroom kykers in die Midde-Ooste woon, is daar deesdae 'n groeiende diaspora in Europa en die VSA wat voordeel trek uit die bediening – en dit selfs met ander deel.

Eli, 'n Turkse winkelier in Londen, kyk gereeld na SAT-7 TÜRK in sy winkel en het die kanaal reeds aan meer as vyftig mense voorgestel.

Toe hy die eerste keer van SAT-7 gehoor het deur sy Turkse pastor, Emre, in Londen, was dit asof God vir hom sê: “Koop 'n TV en kyk na daardie Christenkanale en vertel ander daarvan!”

Sedertdien het hy 'n gereelde kyker geword, in sy huis met sy vrou, maar ook in sy winkel. Eli getuig: “Ek kyk Bybelstudie programme en Christen films. Al die programme help my om in my geloof te groei.”

“My lewe het verander”

In Turkye gebore en opgegroeï in 'n nie-Christen agtergrond het hy en sy ouers etlike jare gelede na Londen gekom. Ondanks die feit dat hy 'n suksesvolle besigheid besit en boonop gelukkig getroud is, het iets gehaper.

In 2013 ontmoet hy pastor Emre wat sy hele lewe verander deur aan hom 'n Turkse Nuwe Testament te gee. Hy getuig opgewonde: “Sedert ek die Bybel begin lees het, het my lewe verander. Die Nuwe Testament is die beste geskenk wat ek nog ooit gekry het.”

Voordat ek Christus ontmoet het, het ek niks gehad nie, nou het ek alles.”

- **Dank God dat Sy Woord deur die werking van die Heilige Gees mense se harte verander.**
- **Dank God vir die positiewe impak wat SAT-7 TÜRK op mense se lewens in Turkye en elders uitoefen.**



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers
terwyl jy hul briefies lees:

Van 'n Siriese kyker in Turkye: Ek is van Sirië en kan nie skool toe gaan nie as gevolg van die oorlog. Dank God dat julle my leer lees en skryf en met syfers werk.

Van 'n kyker in Jordanië: Vandat my vrou en seun Christus leer ken het, is hulle baie gelukkig. Bid vir my dat ek Jesus ook leer ken en vir 'n verhouding met Hom.

Van 'n kyker in Iran: Ek was na die polisiehof ontbied en het julle gevra om te bid. Ek is deur gebed gedra tydens die verhoor. Nadat die aanklaer my getuïenis gehoor het, het hy my vrygelaat. Alle lof aan God! Bid vir die ander mense wat gearrester is. Sommige van hulle is reeds gevinnis.

Van 'n kyker in Irak: Ons huis is geplunder en al ons besittings gevat, selfs ons kinders se speelgoed. Ons familie kon almal ontsnap en ons is dankbaar daarvoor maar ons het werk, kos en klere nodig.

Arash (m) van Iran: Ek wil julle bedank vir die wyse waarop julle ons vrae en versoeke antwoord – sonder enige negatiewe houding en sonder om ons te laat voel dat julle ons 'n guns doen. Ek hoop dat ek God eendag sal kan dien net soos julle.

Pedram (m) van Iran: Gegroet, my broers en susters in die geloof. Loof God vir julle wonderlike programme wat vir ons tot groot seën is. Ons leer baie uit jul antwoorde op ons vrae. Dankie!